**4.12**
**DIE AANBIEDING VAN KONFERENSIES EN KONGRESSE UITGESLUIT KORTKURSUSSE**

**Beleidnr:** **Finansieskomitee 19/11/08**

**Bestek:** **Die beleid bevat die US se reëls en regulasies ten opsigte van die aanbieding van konferensies en kongresse uitgesluit kortkursusse.**

**Beleid:**

## 1. ALGEMEEN

ŉ R-kostepunt moet ten alle tye vir konferensies en kongresse geopen word. Kostepunte mag slegs geopen word vir US konferensies en kongresse. Indien ŉ konferensie of kongres aangebied word, maar dit is nie onder die vaandel van die US nie, moet ŉ motivering met die omgewingshoof se goedkeuring, die kostepuntaansoek vergesel. Hierdie aansoeke sal aan die Direkteur: Finansiële Dienste voorgelê word vir oorweging.

## 2. FINANSIES

### 2.1 INKOMSTE

#### 2.1.1 ALGEMEEN

Inskrywingsgelde (binnelands of buitelands) moet ten alle tye teen rekeningnommer 5777**,** Konferensie/Kongres inkomste (geen BTW) inbetaal word. Fakturering is nie verpligtend vir die ontvangste van inskrywingsgelde nie, tensy die bywonende persoon dit versoek of die departement besluit om op ŉ faktuurbasis te werk. Registrasievorms sal in die meeste gevalle deur applikante gebruik kan word as dokument vir betalingsversoek aan sy/haar kant.

Let wel:
Departemente mag nie fakture uitreik behalwe op die US se sentrale rekenaarstelsel nie. Indien ŉ kliënt ŉ faktuur versoek, word die normale roete vir amptelike fakture gevolg en die faktuur word uitgereik teen die R-kostepunt en rekeningnommer 5777. Betaling van so ŉ faktuur geskied dan teen die betrokke faktuurnommer en nie direk teen die kostepunt nie.

Slegs afgevaardigdes wat reeds betaal het en/of ŉ amptelike bewys van betaling kan toon, mag tot die konferensie/kongres toegelaat word. Voor die aanvang van die betrokke konferensie/kongres is dit die departement se verantwoordelikheid om te kontroleer dat alle registrasiefooie ten volle betaal is en wel op die kostepunt reflekteer.

#### 2.1.2 METODES VIR INBETALING

Die volgende metodes vir betaling moet op die registrasievorm aangebring word ten einde betalings te vergemaklik en te administreer. Die betrokke departement besluit self watter van die opsies hulle op die registrasievorm wil plaas.

**Inbetalingsopsies:**

A. Tjek ingesluit
B. Direkte inbetaling in US bankrekening/Elektroniese oorplasing na US bankrekening met **R-kostepunt** en **naam van afgevaardigde** as verwysing.
C. Kredietkaartbetaling
D. Benodig ŉ amptelike faktuur – dui aan in wie se naam die faktuur moet wees en voltooi aansoek vir debiteurskode

- **Indien opsie B**

  Rekeningbesonderhede (vir binnelandse registrasiegelde waar ŉ faktuur nie uitgereik was nie)

  Universiteit van Stellenbosch
  Standard Bank
  Stellenbosch
  Rek: 07 300 6955
  Takkode: 050610
  Verwysing: byvoorbeeld R999 R van der Merwe

  Rekeningbesonderhede (vir buitelandse registrasiegelde waar ŉ faktuur nie uitgereik was nie)

  University of Stellenbosch
  First National Bank
  Cape Town
  Rek: 62107177083
  Swift Code: FIRNZAJJ796
  Verwysing: byvoorbeeld R999 R van der Merwe

  Faks of epos dan die besonderhede van die inbetaling aan *(departement/omgewing se faks en epos)*

- **Indien opsie C**

  Verskaf die volgende inligting op die Kredietkaartbetalingsvorm asseblief:

  Kredietkaartnommer
  Vervaldatum van kredietkaart
  CVC nommer (laaste drie syfers op agterkant van kredietkaart)
  Bedrag wat verhaal moet word
  Handtekening ter bevestiging
  Bevestiging van kursusnaam

- **Indien opsie D**

  Wanneer ŉ amptelike faktuur uitgereik word (binnelands en buitelands) verskyn die korrekte bankbesonderhede op die faktuur.

## 2.2 UITGAWES

### 2.2.1 ALGEMEEN

Die vollekostebenadering word toegepas ten opsigte van alle kongres- en konferensieaktiwiteite van die Universiteit. Dit beteken dat die totale inkomste moet die totale direkte en indirekte uitgawes, ingesluit die 17% toeslag, delg. Alle direkte uitgawes ten opsigte van die kongres/konferensie moet teen die betrokke R-kostepunt teboekgestel word en geen uitgawes wat nie verband hou met die konferensie/kongres mag teen die betrokke R-kostepunt teboekgestel word nie.

### 2.2.2 BUITELANDSE INKOMSTE

Neem asseblief in ag dat daar kostes verbonde is aan buitelandse inbetalings. Kostes wat kan voorkom is:

- "Brokers Commission" (*in die valuta wat vir die transaksie gebruik is*) in die gevalle waar die buitelandse bank 'n "corresponding bank" gebruik en dan ook addisionele bankkoste vir die buitelandse transaksiebedrag word bepaal na gelang van die opdrag deur die kliënt.

- Wisselkoerswins of -verlies kan ook voorkom en sal so teboekgestel word.

Hierdie kostes en/of wins of verlies is vir die rekening van die betrokke departement, met ander woorde dit word posteer teen die betrokke R-kostepunt.

### 2.3 BEGROTING

'n Begroting moet deur die konferensie- of kongresleier opgestel word en aan die omgewingshoof voorgelê word vir goedkeuring voor die aanvang van die konferensie of kongres. Enige afwyking van die begroting moet aan die omgewingshoof verklaar word. Die begroting moet die 17% toeslag in berekening bring.

### 2.4 WINSDELING/VERLIESDELING

Personeel en/of afdelings mag deel in die wins na afhandeling van die kongres/konferensie, maar sal ook volgens die winsdelingsformule verantwoordelik wees vir enige verliese gely. Die wins-/verliesdelingsformule moet voor die aanvang van die konferensie/kongres bepaal word en deur die betrokke omgewingshoof afgeteken word. Enige winsdeling na afhandeling van die konferensie/kongres is onderhewig aan die US se Finansiële Beleid en Belastingwetgewing. Na die wins-/verliesdeling moet die kostepunt se saldo R0 wees en die kostepunt gesluit word.

## 3. BTW

Die Universiteit Stellenbosch is 'n amptelike opvoedkundige instansie en alle lewerings van opvoedkundige dienste is vrygestel van BTW. In die lig hiervan is alle registrasiegelde ontvang vir konferensies en kongresse vrygestel van BTW.

## 4. TOESLAG OP BRUTO DERDEGELDSTROOM-INKOMSTE

Die US beleid bepaal reeds 'n geruime tyd dat alle derdegeldstroominkomste onderhewig is aan 'n 17% toeslag. Aangesien die aanbieding van kongresse en konferensies as derdegeldstroom aktiwiteit beskou word, is die 17% toeslag ook op die inkomstes van toepassing.

## 5. BANKREKENINGE

Geen buite bankrekeninge mag oopgemaak word vir konferensies of kongresse wat onder die vaandel van die US aangebied word nie.

**Let Wel:**
Dit is baie belangrik dat alle personeel betrokke by die reëling van 'n kort kursus hulle vergewis van die kortkursusbeleid en die inligting soos vervat op die webbladsy van die Afdeling Kortkursusse http://www0.sun.ac.za/kortkursusse/.